



TOULEIER



Ons eet piranha op die Amasone

Hoofstuk 3 Deel 27

Die volgende dag word ons na 'n ander sytak van die rivier geneem waar die helder water baie stadig vloei. Ons word vertel dat daardie aand se aandete die vis sal wees wat ons vang. Nét die vis wat ons vang... Ons klim in sulke vlak plat roeiskuite gemaak van uitgeholde boomstompe en waarin maksimum drie persone pas.

Dis so amper of mens sit in die rivier self. Die water kom tot net so 'n duim van die rand van die boot af. Mens sit plat op jou alie, en elkeen kry 'n dun riet met 'n meterlange vislyntjie en 'n hoekie aan. Che het 'n rou hoenderborsie saamgebring, en elkeen kry so 'n paar klein stukkies aas. Versigtig laat ek die stukkies vleis in die water sak.

Dan lyk dit skielik of die water kook soos die piranhas aanval. Die riet ruk vinnig rond in jou hand. Mens skrik so groot dat jy die vissie deur die lug laat vlieg soos jy jou lyn uitpluk.

Die vissermanne en -vroue het egter gou die kuns bemeester. So vinnig soos jy jou lyn laat sak, so vinnig vang jy vir ta. Later gebruik ons van ons vangs om meer aas te maak. Die vissies maak so 'n blêr-geluid terwyl hulle in die boot rondflop. Ons word aangeraai om ons vangs liever van kant te maak, want daai vlymskerp tandjies kan steeds skade aanrig.

Mens kry seker groter piranhas, maar die wat ons gevang het, was niks groter as so drie tot vier duim lank nie. Skaars groter as goudvissies. Ons moes dus elkeen 'n redelike klompie vang om te keer dat ons daardie aand honger gaan slaap.

En hoe proe piranha? Nie eintlik na iets nie. Maar wie kan saamsop dat hy al piranha geëet het?

Ná die naweek by Iquitos is die toergeselskap by 'n woudnederstelling aan waar 'n klomp van die plaaslike families hulle met tradisionele danse vermaak. Daarna kry ons kans om saam met die halfkaal mensies afgeneem te word en van hulle handgemaakte snuisterye en soeweniers te koop

Die woudbewoners het ook 'n mini-dieretuintjie met van die bekendste natuurlike inwoners van die woud – spesiaal geskep vir toeriste. Hier merk ek toe een van dieselfde mans op wat flussies halfkaal gedans het. Nou is hy ten volle geklee.

Natuurlik kry my nuuskierigheid die oorhand, en ek roep die man eenkant toe en vra hom uit. Hy vertel my toe hulle trek drie keer 'n dag klere uit en aan vir toeriste, en die 'dorpie' is heeltemal kunsmatig en saans verlate. Hulle almal bly in werklikheid in Iquitos in gewone huise soos ek en jy. Alles was dus net 'n opvoering, en ek kon nie help om bietjie gekul en ingedoen te voel nie.

In die dieretuintjie sien ons onder meer 'n reuse rot. Die grootste rot wat mens jou kan indink. Hy het 'n stomp neus en lyk baie soos 'n kruising tussen 'n reuse marmot en ons dassies, maar net baie groter. Amper so groot soos 'n klein skapie.

Net daarna besef ons hoekom die rotte so groot moet wees. Die slange wat hulle vang, die anakondas, is skrikwekkend groot as mens hom ees van naby sien. Hulle het so 'n jong boa daar gehad wat mens om jou nek kon laat hang vir 'n foto. Ek het maar net gebid Annabelle maak gou met die kamera, want ek kon voel hoe begin beweeg die koue grillerige slang hier om my lyf. Hy't my sweerlik bevoel en oorweeg vir sy volgende maaltyd.

Een van daardie naweke wat veels te kort was, een wat steeds helder leef in ons gedagtes.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Gesegdes uit die Bybel

Vandag plaas ons'n paar idioome wat met die Bybel en (of) godsdienste te doen het. Ken vandag se jonger geslag nog hierdie uitdrukkings? Hoeveel van hulle ken jy?

- Iemand nie van Adam (se kant) af ken nie
iemand glad nie ken nie
- Die ou Adam (aflê)
ontslae raak van slegte gewoontes/sondige natuur
- Boerematriek
aanneming as lidmaat van die kerk/kategese
- 'n Derdegelui
iemand wat dikwels laat kom/stadig is
- Van waar, Gehasi?Z waar kom jy nou vandaan?
- 'n Israeliet sonder bedrog
iemand wat opreg en eerlik is
- Die Kretie en die Pletie
die menigte
- Iemand die leviëte (voor)lees
iemand berispe
- Van Pontius na Pilatus stuur
heen en weer stuur sonder dat jy gehelp word
- Die ou profete is dood en die jonges eet brood
skertsend gesê van iemand wat voorspellings maak
- Is Saul ook onder die profete?
skertsend gesê van iemand wat nie in 'n bepaalde groep tuis hoort nie
- Die versene teen die prikkels slaan
jou tevergeefs verset
(Versene is hakskene.)
- Verlang na) die vleispotte van Egipte
verlang na) 'n vroeër lewe wat beter gewaan word as die waarin 'n mens tans is,

Boererate

Volksgeneeskuns in Suid-Afrika, deel I, bl. 70:

"Vir bloedwater (bloedpis, hematurie) --- neem die wortels van 'n rooi perskeboom wat sonop groei, laat trek dit en gee dit om te drink; net so bitter."

♦*Nou moet ek net 'n sonopgroeiende rooi perskeboom vind ...*

Nog 'n raat, hierdie keer vir nageboortelike pyne:

"Sit koringkaf in 'n kamerpot en gooi kookwater daarop. Die sieke moet daarop gaan sit net so warm as wat sy dit kan hou. Gestampde wit uie kan ook in plaas van die kaf gebruik word. Warm gemaakte perdemis en asyn kan oor die buik geplaas word."

♦*Klink na 'n resep wat geboortekoerse kan laat daal.*

Oor sinonieme

Emosionele gewig speel 'n rol by woorde soos "gesig", "gelaat", "gevreet" en "bakkies". Die woorde beteken presies dieselfde ding en is dus volgens die eenvoudige definisie sinonieme.

Maar taalgebruikers weet baie goed dat hierdie terme nie in alle kontekste ewe gepas is nie. In 'n koerantberig oor iemand se dood kan 'n joernalis byvoorbeeld verwys na 'n begrafniskanger se "stroewe gelaat", maar nie na sy "stroewe bakkies" nie.

Woorde soos "chirurg" en "snydokter" is uitruilbaar, maar 'n ma wat met haar slim bloedjie wil spog, gaan sê sy is 'n "chirurg", sy gaan nie sê haar meisiekind is 'n "snydokter" nie.

Duskantlander in Anderkantland



'n Vrystater en sy blom in Helsinki

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Finland.

Helsinki is so groot soos Windhoek – net heelwat platter en natuurlik is daar 'n bedrywige seefront. My Vrystaatman en ek reis en kuier gemaklik saam, totdat hy honger en dorstig word. Almal weet wanneer jy reis kan jy óf lekker slaap, óf lekker eet, maar as mens in 'n vreemde land beide kan aanvang, is die lewe 'n lied!

Die Verenigde Nasies het Finland onlangs benoem as die 'Gelukkigste land in die Wêreld'. Ek dink hulle het iets daar beet. Helsinki, Finland se nuwe hoofstad is 'n bont kusdorp met sprokieagtige rotseilande en yslike groen parke. Die stad het 'n kalm ritme en terselfdertyd 'n verrissende hoeveelheid van kwaliteit restaurante en winkels.

Op reis krap ons ou geskiedenisbrokkies uit, soek na lokale restaurante se aardse tradisionele kos en wandel in strate waarin mens vrylik kan afstap sonder 'n gestamp en gestoot. Gewoonlik bespreek ons 'n woonplek net buite 'n groot stad, want eintlik is ons kleindorpie mense.

Dit is hoogsomer in Finland, met 18 ure se daglig per dag. Almal is uitbundig op straat. Mense loop en roomys eet in 16^o se weer, hulle somerweer is onse wintertemperature. Ons besluit om effe oefening te kry en op die grootste marinefort in die wêreld te gaan verken. Nie net is dit 'n raaiselagtige bondel van ses rotsagtige eilande nie, maar ook 'n hedendaagse moderne militêre museum en woonplek vir sowat 800 Finne in bont hout huisies.

Vir dieselfde koste as 'n busrit in die dorp, onderneem ons vroeg oggend 'n 20-minute-rit per pont na Suomenlinna. Die helfte mense werk in Helsinki en hulle reis per pont heen-en-weer. Elke 30 minute vertrek en arriveer die pont met plek vir twee motors, heelwat fietse en sowat 100 mense.

'n Paar uitbundige Britte wat baie dapper aangetrek is, reis ook op ons pont oor die Baltiese see. Een jong mannetjie in besonder is effe groen om die kiewe en hy is die fokuspunt van die oliekoop fotograaf naby hom. Ons lei af dis sy troudag, uiteraard is die ou klipkerk 'n romantiese plek om die knoop deur te hak.

Op die grootste eiland is 'n enorme klip kasteelfort gebou in rots, wat gedien het as fort om Finland te beskerm teen die Russe se inval. Orals is knus klein huis restaurantjies wat plaaslike disse aanbied, koffiewinkels en piekniekmandjies en tafeltjies onder koeltebome.

Dis geen sports om net op die aangewese paadjie te bly stap nie, en ons drentel soos stout kinders weg van die toeristepyltjies en aanwysingbordjies. Ons het selfs 'n ou fabriek ontdek waar vliegtoe en gemotoriseerde yssleë 15 jaar lank gebou was. Inwoners se fietse leun teen ou houtdeure, plaaslike mense kom en gaan onverstoord aan met hulle daaglikse gang, en speel krieket op 'n ou militêre paradegrond.

Gou bevind ons onself op die rant van die eiland met 'n asemrowende uitsig, omring met magrietblommetjies en reuseklippe oortrek met groen gras. By nadere ondersoek besef ons dit is kabouteragtige huisies wat soos molshope onder die grond ingebou is, met 'n enkele ronde venster en houtdeur. Noudat ons fyner kyk ontdek ons oorgroeide rotse buite mure van die fort, en ou ysterbeslaande deure wat jare reeds geslote staan.

Deur die loop van die dag het ek myself lepeloog verkyk aan die fotosessies van vele bruidspare wat orals besig was om herinneringe op film vas te lê. Die jong Britse bruidegom op die pont het uitbundig sy bruid soos 'n veertjie deur die lug geswaai en haar op-en-af oor die houtdek gedra op aandrang van hul fotograaf. Swak enkels, stywe knieë en knikheupe hou nie op daardie onwederige klipsteenpaadjies nie, volgende keer huur ons 'n fiets! Honde en stootwaentjies met mense op komberse en wilde blomme in die hare is orals oor die eiland.

Onse mense en die Finne het vleistande gemeen. Hulle eet graag wildsvleis soos takbok en wildebosbeer en vis. Geen piekniek is komplete sonder 'n smaaklike vleisie en biertjie nie. 'n Mens moet die brouery op die eiland ondersteun as die dorstigheid jou oorva. Die Vrystater en sy blom maak so, met 'n koue biertjie en wilde vleis – en die lewe is 'n lied!

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



VYF MINUTE LANGER

Die man laai sy vrou by die verslankingsklas af. "Onthou om my oor presies een uur te kom haal," sê sy.

"Of nee, maak dit een uur en vyf minute. Ons weeg vanaand, en ek bly gewoonlik bietjie agter om die skaal te vloek."



TAFELGEBED

Petoorsie doen die dankgebed aan die etenstafel:

"Dankie, Here, vir die vleis en die rys en die aartappels en die pampoen. Amen."

Ma: "En wat dan van die spinasie en die brokkoli?"

Petoorsie: "Die Here sal mos weet ek lieg."

STRATEGIE/TAKTIEK

Wat is die verskil tussen strategie en taktiek?

Strategie is om 'n goeie bottel rooi wyn te koop as jy 'n dame vir aandete uitneem.

Taktiek is om haar sover te kry om dit te drink.

Elfuur begin die duiwel loer, en van twaalfuur af jol hy saam.

BC deur Johnny Hart



TWEE IERE

Paddy en Sean gewaar twee verdagte voorwerpe in die pad.

Paddy: "Miskien moet ons dit optel en vir die polisie sê ons kry hierdie twee goed in die pad. Dit lyk vir ons of dit bomme kan wees."

Sean: "En sê nou maar een van hulle ontplof?"

Paddy: "Ag, dan sê ons vir hulle daar was net een."

NAAND, ANTIE

Die ou en sy jong seun ry een aand laat op 'n verlate pad toe hulle kar sonder petrol gaan staan.



Hulle onthou toe van die plaasbordjie waarby hulle so rukkie gelede verby gery het.

Die ou stuur sy seun om te gaan hoor of die boer hulle kan help.

Toe die seun by die huis kom, klop hy. Hy klop weer en sien dat daar n flikkering in die huis is.

Die boer sluit oop en hy staan daar met n lantern Hy het n lang nagrok aan met 'n paraffiennlanter. pantoffels en 'n mussie op sy kop

"Naand Antie" sê die seun .

"Naand" sê die boer "Ek is nie 'n Antie nie, ek is 'n Oom"

"Ons het sonder petrol gaan staan en wonder of Antie ons kan help."

"Ek het vir jou gesê ek is nie 'n Antie nie," sê hy ongeduldig en hy pluk sy nagrok op sodat die seun kan sien

"Jissie, Antie," sê die seun verstom.

Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Die onlekker van 'n gebad

Deur Cor Nortjé

Laasnag toe ek weer nie aan die slaap kan raak nie, dink ek aan hoe lekker dit was toe ek klein was om in die bed te klim en net te slaap.

En ek onthou: Toe ek en my twee jonger broers kleuters was, was dit twee susters, wat baie ouer was, se werk om ons voor aandete te bad. Dit was een moerse geveg. Ons is drie en hulle net twee, maar hulle wen elke keer. Ons spartel en baklei, teen hulle en met mekaar ook, en skrou moord. Maar hulle het jou stewig aan 'n arm of 'n enkel beet en jy sien net skuim spat. "Staan stil." "Sit stil." "Lê stil!"

Eintlik was hulle kunstenaars. Hulle kon 'n hele waslap in jou oor inwerk. Die ergste was as hulle jou hagskene skrop, so bleddie seer. Jy kry 'n opgerolde waslap om voor jou oë te hou as hulle jou hare was, maar jy kan nie baklei as jy nie kan sien nie, en elke keer kry jy seep in jou oë.

Uiteindelik, kuiwe gekam, gloeiende hagskene bietjie kamferolie gesmeer, loop ons in skoon pajamas in enkelgelid eettafel toe. Altyd dieselfde praatjies:

Pa: Wie se kinders is dit?

Suster 1: Dis ons s'n.

Pa: Ons kinders is nie so wit nie.

Suster 2: (Ek sweer sy klink trots, en ek onthou die klem asof dit gister was.) Ons het hulle geBAD.

Suster 1: (Tegelyk.) Dis die laag vuilis om hulle.

Ma: Maar is hulle nie mooi nie!

Pa: Gaan hulle nie nou siek word nie?

Suster 2: Ja, gee hulle bietjie kasterolie vir die wis en die onwis."

Suster 1: Jy kon aartappels plant agter hulle ore.

Suster 2: Ons moes die water met 'n graaf uit die bad spit.


Maar vir ons drie is dit nie snaaks nie. Ons is martelare. En uiteindelik klim jy lekker skoon in 'n skoon bed en slaap soos die engel wat jy is.

Daar is vir my nog min dinge so lekker soos om skoon in 'n vars bed te klim. Net een probleem: Kan nie aan die slaap raak nie. My laaste gedagte is: Van die drie is daar nog net twee oor. En 'n sustertjie wat toe nog nie gebore is nie en hierdie week 69 geword het . . .

"As jy praat, herhaal jy net wat jyself reeds weet.

"Wanneer jy luister, leer jy dalk iets nuut."

- Dalai Lama



VERLOF

Die ware rede hoekom maatskappye hul werknemers elke jaar verlof gee, is om hulle te herinner dat die firma eintlik heel goed sonder hulle kan klaarkom.

LET WEL!

**HIERDIE DEPARTEMENT
VEREIS NIE 'N
LIGGAAMLIKE
FIKSHEIDSPROGRAM NIE**

**Almal kry genoeg oefening om
gevolgtrekkings te maak,
vloermoere te gooi, hul baas te
ondergrawe, hul vriende in die
rug te steek, hul
verantwoordelikhede te
ontduik en hul geluk te
beproof.**



So Klein Bietjie PITKOS

- Die wêreld se kortste oorlog - tussen Brittanje en Zanzibar in 1896 - het net 38 minute geduur.
- Daar is sianied in appelpitte.
- Die tipiese lodpotlood kan 'n streep trek wat 60 km lank is - omtrent van Johannesburg na Pretoria.
- In 'n studie by die Universiteit van Chicago is in 1907 bevind dat geel die kleur is wat die maklikste raakgesien word. Dis hoekom John Hertz, stigter van die Yellow Cab Company, gesorg het dat sy taxis geel is.
- Die Griekse volkslied was 158 versies. Dis later ingekort tot net twee.
- Daar is sowat 6 800 tale in die wêreld. Toe Alexander Graham Bell die telefoon in 1876 uitgevind het, is daar in die eerste maand net ses verkoop.
- Die simbole + (vir optel) en - (vir aftrek) het eers in 1489 in algemene gebruik gekom.
- Jy kan jouself nie kielie nie omdat die cerebellum-gedeelte van die brein die res van die brein waarsku dat jy jouself gaan kielie. Omdat die brein dit weet, ignoreer hy die sensasie.
- Die longe se oppervlakte is omtrent net so groot soos 'n tennisbaan.
- Die sigaret-aansteker is voor die veiligheidsvuurhoutjie uitgevind.
- Leonardo da Vinci was dislekties en het dikwels agteruit geskryf.

VRAE EN ANTWOORDE VIR OOR-50'S

Waar kry mans ouer as 50 jong, sexy meisies wat in hulle belang stel?

Probeer 'n boekwinkel. Gaan na die rak gemerk fiksie.

Wat kan 'n man doen as sy vrou deur menopouse gaan?

Bly besig. Rig die kelder in sodat jy 'n blyplek het.

Hoe kry jy jou 50-jarige man se hartklop vinniger?

Wag vir die regte oomblik en vertel hom jy is swanger.

Hoekom moet mense oor 50 'n motorwag gebruik om te parkeer?

Want hulle vergeet nie waar jy geparkeer het nie.

Slaap ouer mense rustiger?

Ja, veral smiddae.

Wat sê die oor-50's as hulle in 'n oudhedewinkel kom?

Sjoe! Ek onthou hierdie goed! My ma het so een gehad!

Waar soek mense oor 50 na hul bril?

Meestal op hul voorkoppe.

GOEIE SÊGOED

"Ek het altyd gedink ek is besluiteloos, maar nou is ek nie meer seker nie."

-- **Howard Hofman**

"Almal het 'n fotografiese geheue, maar nie almal het film nie."

-- **Steven Wright**

"As jy hulle nie kan oortuig nie, moet jy hulle probeer verwar."

-- **Harry Truman**

Watter verskoning het Adam aan sy kinders gebied dat hulle nie meer in die paradys woon nie?

"Julle ma het ons uit huis en hard geëet."



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

Orton desireecloete54@yahoo.com

Charles Samuel Orton gebore 18 Jan 1963, Raymon Orton gebore 12 Desember 1964, Deirdre Orton gebore 1 Junie 1970, Desiree Orton gebore 11 Jan 1974, gebore in Bloemfontein.

Pieterse susanlarney@yahoo.co.uk

Help asb! My oupa-grootjie David Jacobus Barnard in in 1869 in Rustenburg gedoop. Sy pa was Martinus Christoffel en sy ma Sara/Susara Pieterse. Ek kry niks van laasgenoemde se besonderhede nie. Kry nie 'n koppeling met die Barnards of Pieterses nie.

Cloete cloetej21@gmail.com

Ek is besig met stamboomnavorsing en kon tot dusver niks uitvind nie. Veral Smith en Cloete .

Nog vanne wat ingekom het: Botha, Stapelberg, Fourie, Van der Merwe en Crous.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

WARM KOFFIE

'n Vlug van British Air het sy kruishoogte bereik, en die kaptein kondig aan:

"Dames en here, welkom op Vlug 293 van Londen na Toronto. Die weer vorentoe lyk goed. Sit terug, ontspan en O GENADE!"

Stilte. 'n Paar oomblikke later praat die kaptein weer.

"Jammer as ek julle laat skrik het, maar 'n vlugkelner het warm koffie op my skoot gemors. Julle moet sien hoe lyk die voorkant van my broek!"

Dis toe 'n Ierse passasier van agter af skree: "En jy moet sien hoe die die agterkant van my broek!"

MEER OOR GESINNE

Daar is nie iets soos pret vir die hele gesin nie.

-- Jeremy Seinfeld.

Die plek van die vader in die moderne voorstedelike gesin is baie beperk, veral as hy gholf speel.

-- Bertrand Russell

In elke twis tussen 'n ouer en 'n kind kan hulle nie albei reg wees nie. Maar hulle mag, en is gewoonlik, albei verkeerd. Dis die soort situasie wat aan 'n gesin sy besonderse historiese bekoring verleen.

-- Isaac Rosenfeld

Baie kleure

DIE bruin outjie skryf 'n gediggye by die skool: "Toe ek gebore is, was ek bruin. As ek grootword, sal ek bruin wees. As ek in die son kom, bly ek bruin. As ek koud is, is ek bruin. As ek siek is, is ek bruin.

"Maar jy, wit man? Wanneer jy gebore word, is jy pienk. Wanneer jy grootword, is jy wit. As jy in die son kom, is jy rooi. As jy koud kry, is jy blou. As jy siek is, lyk jy grys. En dan het jy die vermetelheid om my 'n "kleurling" te noem!

Ek voel nie oud nie. Eintlik voel ek niks totdat dit middag word nie. Dan is dit tyd om 'n uiltjie te knip.

-- Bob Hope

Briefies vir Jesus

Liewe Jesus

Ek het nie geweet oranje pas by pers totdat ek die sonsondergang gesien het wat U Dinsdag gemaak het nie! Dit was so mooi!

Eugene

Liewe Jesus

Moes die kameelperd so lyk of was dit 'n ongeluk?

Norma

Liewe Jesus

In plaas van om mense te laat doodgaan en heelyd nuwes te moet maak, hoekom hou U nie die wat U nou het nie?

Annie

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Hy het jou vertel dat hulle goeie reëns by Derdepoort gehad het ... Nou ja, daar was iets wat ek my vrou weke lank oor en oor kon vertel. In die ou dae was dit ware nuus."

Deur
Herman Charles Bosman

"**M**et wat deesdae aangaan in die wêreld," het At Naudé kopskuddend gesê, "weet ek nie wat gaan gebeur nie." Dit was duidelik dat At Naudé weer nuus oor die draadloos gehoor het, wat hom bevrees gelaat het vir die toekoms van die land. Dit het ons toe nie dadelik laat regop sit nie.

Daar was nooit enige verandering nie, selfs in die soort van nuus wat hy aan ons oorgedra het. Dit was telkens oor klipgooiery in die Johannesburgse lokasies en oor hoeveel soorte bomme die Russe beskik, en oor hoeveel mense tronk toe gegaan het omdat hulle die Russe oor nog ander soorte bomme wat hulle kon vervaardig, vertel het. Hoewel dit nie gelyk het of die Russe enige onderrig nodig gehad het vir dié soort van ding nie.

En ons kon nooit regtig verstaan waarom At Naudé enigsins daarna geluister het nie. Trouens, ons het omtrent nooit na hom geluister nie. Ons wou liever by Gysbert van Tonder hoor of dit waar was dat die ouderling by Pilansberg homself regtig te buite gegaan het op die manier wat Jurie Steyn se vrou, by die kombuisdeur by 'n kraal-Mtosa gehoor het.

Die Mtosa het gekom om halfpennieseëls te koop om op sy voorkop te plak vir die jaarlikse Ndololo-dans. Dit was nou vir jou nuus. Ek bedoel eintlik oor die ouderling. En selfs om te hoor dat die Ndololo-dans weer binnekort gehou gaan word, was ten minste iets. En as dit so sou gebeur dat dit wat oor die ouderling gesê is, nie waar was nie, wel, dit kon ook die geval wees dat 'n klomp van die goed wat At Naudé oor die draadloos gehoor het ook nie waar was nie.

"Ek weet nie wat gaan gebeur nie," het At Naudé herhaal, "oor hoe dit deesdae met die wêreld gaan nie. Ek het nou net oor die draadloos gehoor ..."

"Dis hoekom die nuus wat ons in die ou dae gekry het, beter was," het oupa Bekker gesê. "Ek bedoel nou in die ware ou dae, toe daar geen draadloos was nie," het oupa Bekker gesê, "en daar toe ook nie die telegraaf was nie. Die nuus wat jy toe gekry het, kon jy iets mee maak. En jy hoef nie poskantoor toe te gegaan het om dit van 'n koerant te verkry nie. Die poskantoor is die vloek van Transvaal ..."

Jurie Steyn het gesê dat oupa Bekker dáár heltemal reg was. Hyself sou nooit sy werk as posmeester op Drogevelei aanvaar het nie as hy enigsins kon geraai het dat daar vier afsonderlike vorms was wat hy moes invul, en elkeen van hulle verskillend, vir 'n eenvoudige vyfsjieling-poswissel nie. Dit sou soveel slimmer en netjieser gewees het, het Jurie Steyn gesê, vir mense wat vyfsjielings êrens heen wou stuur, as hulle net 'n paar halfkroner in 'n dik rol bruinpapier kon opvou en dit op die gewone manier, net soos 'n brief, kon pos.

Dit was die doel van die rooi posbus voor sy deur, het Jurie Steyn verduidelik. Die outoriteite het die uitgawes vir die nuwe posbus aangegaan juis om die publiek te help. En nog steeds kry jy mense wat vir poswissels en geldwissels inkom. Nou die dag het 'n man selfs ingekom en gevra of hy geld êrens heen kon telegafeer.

"Ek het daai man 'n stukkie bruinpapier gegee en hom gewys waar die posbus is," het Jurie Steyn gesê. "Tot dan toe, het dit gelyk dat hy nie geweet het van die soort vooruitgang wat ons hier gemaak het nie. En so het ek hom toe gevra of ek hom nog ander voorbeelde kon wys oor hoe die Groot Marico vooruitgegaan het. Maar hy het nee gesê – die aanduidings wat ek vir hom gewys het, was heeltemal genoeg.

Jurie Steyn het gesê dat hy gedink het dat dit besonder gaaf van die man was om so op te kom vir die Marico, aangesien hy maar nog nuut in hierdie geweste

was.

Omdat ons nooit geweet het hoe lank Jurie Steyn daarmee sou aanhou as hy eers oor die onderwerp van sy werk begin praat het nie, was ons bly toe Johnny Coen vir oupa Bekker gevra het om bietjie verder te verduidelik oor hoe hulle nuus in die ou dae gekry het.

Ons was almal verheug behalwe At Naudé, wat probeer het om 'n aanmerking in te kry. Maar hy het nie verder gekom nie as om te sê dat, as ons bewus sou word van iets wat plaasgevind het, ons almal in ons velskoene sou bewee.

"Hoe het ons nuus gekry?" het oupa Bekker gesê, in antwoord op 'n ander vraag van Johnny Coen. "Wel, veronderstel nou maar jy staan daar op een van die lande en een van die Betsjoeanas sou na 'n stofwolkie in die poort gewys het, en jy sou daarna na die groot boom by die dam toe, oorgeloop het, daar waar die pad 'n draai maak, en die reisiger sou daar verbygekom het, met twee vosperde voor sy kapkar, en hy sou dan uit die kar geklim het en met jou hande geskud het en gesê het dat hy Du Plessis was. En sê nou maar dat jy gesê het dat jy Bekker was, en dat hy daarna gesê het dat hy nie op jou plaas kon oorbly nie, want hy moes by Tsalalaskop uitkom.

"Nou ja, dít was vir jou nuus. Jy kon vir dae daarvoor praat. Selfs weke lank. Jy het geen idee hoe dikwels ek en my vrou dit sou kon bespreek het nie. En ons sou alles wat daar omtrent die man was om te weet, geweet het. Ons het geweet sy naam was Du Plessis."

At Naudé het toe gesê dat hy nie veel van daardie soort nuus gedink het nie. In daardie tyd wat oupa Bekker van gepraat het, moes die mense 'n bietjie simpel in die kop gewees het as hulle dit enigins as nuus beskou het. "Nee maggies, as jy dit vergelyk met wat die radio-omroeper net gister gesê het ..."

Op daardie oomblik het Jurie Steyn se vrou uit die kombuis uit ingekom. Haar oë het geblink van opgewondenheid. En toe sy gepraat het, was dit met nie een van ons in besonder nie.

"Dit het nou net by my opgekom," het Jurie Steyn se vrou gesê, "natuurlik, as dit wat hulle van die Pilansbergse ouderling sê waar is. Wel, dit het my nou net getref dat, toe hy opgetree het op die manier wat hulle sê – op voorwaarde dat hy homself wel so gedra het, nè – wel, miskien het die ouderling nie geweet dat iemand gekyk het nie."

Dit was 'n moontlikheid wat tot dusver nie by ons opgekom het nie, en ons het dit breedvoerig bespreek.

Ons was nie in 'n bui vir simpelheid nie. Oupa Bekker het dit vir hom as 'n aanmoediging opgeneem om verder te gaan.

"Sê nou maar ook dat jy op 'n ander dag," het oupa Bekker aangegaan, "op een van jou lande gestaan het, of selfs gesit het, as daar 'n lang dag se geploeëry was wat op jou gewag het, en jy nie jouself onnodig moeg wou maak nie. Jy kon maar op 'n klip in die skaduwee van 'n boom gesit het, en jy kon in jou enigheid gedink het hoe lui daardie Betsjoeanas gelyk het daar waar hulle op en af, op en af met die ploeg en die osse geloop het, en jy kon, jy weet, nogal heel lomerig geword het daar waar jy besig was om te dink hoe lui die Betsjoeanas is. As dit nie vir die osse was wat hulle aan die gang gehou het nie, sou hulle glad geen werk gedoen het nie, sou jy miskien kon dink.

"En dan, sonder dat jy dit die minste verwag het, het jy weer nuus gekry. En dié nuus het vir homself 'n klip gekry, en reg daar langs jou kom sit. Sê nou maar dis die nuwe veldkornet. En waarom niemand daardie keer enige stof in die poort gesien het nie, was omdat die veldkornet nie met die pad langs gekom het nie.

"En jy het met hom 'n grap maak en gesê: 'Ek neem aan dis hoekom hulle jou 'n veldkornet noem, want jy ry nie padlangs nie – jy kom veldlangs aangery.' En die veldkornet het dan gelag en jou 'n paar vrae gevra, en hy het jou vertel dat hulle goeie reëns by Derdepoort gehad het ...

"Nou ja, daar was iets wat ek my vrou weke lank oor en oor kon vertel. Dít was nuus. Ek het weke lank gehad om daarvoor te dink. Die besoek van die veldkornet. In die ou dae was dit ware nuus."

Aan die manier hoe At Naudé in sy stoel krielig geraak het, kon ons sien dat hy geraai het dat ons net die ou man aangepor het om te praat, ten einde te spot oor al die belangrike Europese nuus wat hy, At Naudé, gereeld aan ons oortel het, en waarvoor ons moeg geraak het.

Ná 'n rukkie kon At Naudé homself nie meer inhou nie.

"Hierdie kens- en bogpraatjies wat oupa Bekker kwytraak," het At Naudé opgemerk, terwyl hy na niemand in besonder gekyk het nie, maar vir ons almal

gesê het, op dieselfde manier wat Jurie Steyn se vrou gepraat het toe sy by die kombuis uitgekome het.

“Ja, ek sou liever na ’n skandaal oor die Pilansbergse ouderling wou luister. Daar is ten minste ’n soort van betekenis daaraan verbonde. Ek is natuurlik nie onvriendelik teenoor oupa Bekker nie. Ek weet dis maar net omdat hy oud is. Maar dis ook vir my duidelik dat hy geen idee het wat nuus eintlik is nie.”

□ □ □ □

“Sê nou maar op ’n ander dag,” het oupa Bekker voortgegaan, “dat jy glad nie op jou lande was nie, maar op jou voorstoep, besig om koffie te drink. En die kapkar met die vosperde het weer padlangs aangekom, maar hierdie keer in die teenoorgestelde rigting, poort toe. En jy kon nie veel van Du Plessis se gesig sien nie, want sy hoed was laag oor sy oë getrek. En sê maar, die veldkornet het langs hom op die kapkar gesit.

Oupa Bekker het toe vir ’n wyle stilgebly. Hy het ’n rukkie langer stilgebly terwyl hy ’n aangesteekte vuurhoutjie beskermend oor sy pyp gehou het, asof hy êrens in die veld was waar die wind gewaai het – en sterk daaraan gesuig het.

“En sê maar dat ek en my vrou jare daarna nog daaroor gepraat het,” het oupa Bekker verder vertel. “Vir jare, ná Du Plessis opgehang is, bedoel ek.”

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidingsgrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html



**Die volgende uitgawe van KAMMANUUS is op
20 AUGUSTUS 2018**